Kingswood College

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12

VRAESTEL 2

JUNIE / JULIE 2013

TYD: 2½ UUR

100 PUNTE

Eksaminator: Mnr. D. Koen

Moderators: Mnr. T. Scholtz
Me. M. Muller

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde:

LU 2 (AS'e 2.1, 2.2, 2.4.), LU 3 (AS'e 3.1, 3.2, 3.3), LU 4 (AS'e 4.3, 4.4)

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit **11** bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vraestel deur voor jy die vrae beantwoord.
3. Beantwoord alle vrae in **Afrikaans**.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. **Doen jou BEPLANNING aan die LINKERKANT van die bladsy.**
6. Trek 'n kantlyn aan die **REGTERKANT** van elke antwoordblad.
7. Nommer jou antwoorde presies soos dit op die vraestel verskyn.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Goeie taalgebruik en spelling sal in jou guns tel.
10. Sterkte en lekker skryf!

Afdeling A - Letterkunde
Vraag 1 – Dialoog

Let wel: Onthou om jou antwoorde korrek te nommer en om aanhalingstekens te gebruik!

Lien en Tibbey het goeie vriende geword. Alhoewel hulle lewens hemelsbreed van mekaar verskil, verstaan hulle mekaar se probleme en uitdagings. Hulle gee baie om vir mekaar. Voltooi die onderstaande gesprek tussen Lien en Tibbey waartydens Tibbey in die hospitaalbed lê.

Tibbey **Lien**

Lien: "Tibbey, word wakker. Sjoe! Jy het my groot laat skrik. Ek het gedink jy is dood."

Tibbey: "Lien, ek is so bly om jou te sien. Vertel vir my waarom ek in die hospitaal is."

1.1. Lien: "…" **(1)**

Tibbey: "Op watter plek het ek gestaan toe die ongeluk gebeur het?"

1.2. Lien: "…" **(1)**

Tibbey: "Hoe het jy geweet dat dit ek was wat in die ongeluk betrokke was?"

1.3. Lien: "…" **(1)**

Tibbey: "Wie was dit wat my gehelp het toe ek in die pad gelê het?"

1.4. Lien: "…" **(1)**

(Blaai asseblief om…)

Tibbey: “Jy het vroeër genoem dat iemand jou na my ongeluk opgelaai het. Wie was die persoon en waarheen het hy jou geneem?”

1.5. Lien: “…” **(2)**

Tibbey: “Jy het nogal ontsteld gelyk toe jy my van hierdie insident vertel het. Het enige iets tussen julle gebeur?

1.6. Lien: “…” **(1)**

Tibbey: “Dis vreeslik, Lien! So ’n lae luis!

Lien: “Ja, dit was vreeslik. Ek het so vuil gevoel. Maar Norah se musiek het my in my gedagtes bygebly.”

Tibbey: “Aan watter woorde uit een van Norah Jones se lirieke het jy gedink?”

1.7. Lien: “…” **(1)**

Tibbey: “Waarheen het jy gegaan toe jy uit sy kloue gevlug het?”

1.8. Lien: “…” **(1)**

Tibbey: “Siestog, Lien. Ek is so jammer dat dit met jou moes gebeur. Ek wens ek was daar om jou te beskerm. So terloops, ek kry nie my Bloubulpet nie. Het jy dit dalk vir my gehou?”

1.9. Lien: “…” **(1)**

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 2</u> – Kontekstuele vrae

Die vrouens is mal oor Dirkie en Donovan. Lien se mond hang oop oor alles wat hulle vir Dirkie en Donovan vertel – hardop, vir almal om te hoor. Hulle vertel die gross-ste goed oor hulle lewens, skinder oor hulle mans en hulle kinders en oor mekaar. Tot slaapkamerstories. Sy voel partymaal hoe sy bloos oor van die goed wat hulle vir Dirkie en Donovan vertel.

(2011:47)

2.1. Wie het vir Lien van die werk by *Millennium Creations* vertel? (½)

2.2. Verduidelik waarom Lien vir die werk moes aansoek doen **<u>en</u>** waarom sy nie liewer by *Malie se Tuin* aangebly het nie? (2)

2.3. Wie is die baas by *Millennium Creations* en hoe weet jy dit? (½+½)

2.4. Hoe verskil Dirkie en Donovan se reaksies op hul kliënte se stories? (2)

2.5. In wie se plek het Lien tydelik gewerk en waarom was die persoon tydelik van die werk afwesig? (½+½)

2.6. Watter take moes Lien by die salon doen? Noem enige **TWEE** take. (½+½)

2.7. Wat is die persoon wat in die oggende tydelik by die salon werk se bynaam? (1)

(Blaai asseblief om…)

2.8. Hoeveel word Lien by *Millennium Creations* betaal? (½)

2.9. Wat het Lien namens Braam vir Donovan en Dirkie gevra? Verduidelik. (1)

[10]

==========

Vraag 3 - Paragraafvraag

Daar is verskeie voorbeelde van **konflik** (of botsings) wat spanning en ontwikkeling in *Lien se lankstaanskoene* veroorsaak.

Bespreek die volgende **3 groot redes vir konflik** wat in die verhaal gebeur. Verduidelik ook hoe dit Lien as karakter beïnvloed **en** hoe die konflik opgelos word.

- Lien se ma se drankprobleem. **(4 punte)**
- Lien se werk by *Malie se Tuin*. **(3 punte)**
- Lien se ma steel 'n boks wyn by *Pick 'n Pay*. **(3 punte)**

Jou paragraaf mag nie langer as 180 woorde wees nie. Onthou om jou feite logies te stel. Moenie bloot die storie oorvertel nie.

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 4</u> – Paragraafvraag

Skryf Lien se **dagboekinskrywing** oor die eerste dag waarop sy langs die straat gestaan en bedel het. **Jou inskrywing moet <u>150-180 woorde</u> lank wees. Jou antwoord moet in dieselfde volgorde as die riglyne beantwoord word!**

<u>In die dagboekinskrywing moet jy aan die volgende riglyne aandag skenk</u>:

- Hoe **voel** Lien oor die eerste dag waarop sy langs die pad gestaan en bedel het? **(1)**
- Hoe **voel** Lien oor die geld wat sy verdien het? **(1)**
- Wat is die twee ander bedelaars wat Lien langs die pad ontmoet het se onderskeie reaksies teenoor Lien? **(2)**
- Nadat Lien 'n dag lank in die straat gestaan en bedel het, weet sy wat sy die volgende dag gaan nodig hê.
  - Hoe voel sy oor die skoene wat sy aan die einde van die dag by *Pep Stores* gekoop het en **(1)**
  - watter ander dinge wil sy verander? **(3)**

<u>Let wel</u>: 2 punte word toegeken vir die manier waarop jy die vraag beantwoord het.

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 5</u> – Opstelvraag **(250-300 woorde)**

In die roman *Lien se lankstaanskoene* bring musiek ontvlugting vir talle van die karakters. Dit lewer ook kommentaar op die gebeure en dit bring heling. Deur die breinkaart hieronder te gebruik, skryf 'n opstel en bespreek **die rol van musiek in elkeen van die volgende karakters.**

Musiek as tema in die verhaal.

Lien luister na **Nora Jones**. Hoe skakel die lirieke in by die gebeure en hoe pas dit in by Lien se gevoelens daaroor. **Die sleutelwoorde in hakies is om jou te help.**

- *There was a time when I believed*
  That you belonged to me
  But now I know your heart is shackled
  To a memory **(Wouter)** (2)

- *In a boat that's built of sticks and hay*
  We drifted from the shore
  With a captain who's too proud to say
  That he dropped the oar **(Christien)** (2)

- *Come away with me*
  in the night
  Come away with me
  and I will write you a song **(Gordon)** (2)

- *Singing the same lines all over again*
  no matter how I pretend **(Pa)** (2)

Miemie luister na die ***The Pussycat Dolls***.

- **Wanneer** luister Miemie hierna? (1)
- Wat sê Miemie se liefde vir hierdie musiek vir ons van haar as karakter? (2)

Hein speel "**Moon River"** op die mondfluitjie.

- **Waar** hoor Lien die eerste keer vir Hein speel? (1)
- **Hoekom** is hulle daar? (1)

Christien luister na **klassieke musiek**.

- Hoekom luister sy na die musiek aan die begin van die verhaal? (1)
- Wanneer Lien haar gaan besoek in die kliniek, wat gee sy vir haar ma? (1)
- Hoe weet ons dat Christien beter is aan die einde van die verhaal? (1)

[Inhoud: 16 + Taal & styl: 4 = 20]

==========

TOTAAL AFDELING A: [60] **(Blaai asseblief om…)**

Afdeling B – Funksionele skryfwerk

INSTRUKSIES

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Skryf die vraagnommer bo-aan jou finale antwoord, bv. VRAAG 4.

5. **ASSESSERING**

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- **kennis van vereistes van skryftaak**
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- beplanning

6. Goeie taalgebruik en spelling is ’n vereiste.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar.

Vraag 1 – E-posboodskap

Nadat Tibbey se bene geamputeer is, het Lien besluit dat sy graag vir Tibbey wil help.

Skryf ’n **e-pos (50-80 woorde)** vir Hein waarin jy (as Lien) hom vra om vir Tibbey ’n karretjie te bou. Sê hoe die karretjie moet lyk asook waarvoor dit gebruik gaan word.

Let wel: Gebruik die aangehegte vorm **(ADDENDUM A)** om jou e-pos te skryf. Hein se e-posadres is: hein@mymail.co.za

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 2</u> – Vriendskaplike brief

Lien en Hein het gisteraand die ongelooflikste matriekafskeid saam geniet. Lien is in ekstase en het besluit om vir haar ma 'n brief te skryf om haar van haar wonderlike aand te vertel aangesien haar ma in die rehabilitasiekliniek is en sy gevolglik nie met haar daaroor kon gesels nie.

- Jou brief moet **<u>150-200 woorde</u>** lank wees.
- Jy moet die korrekte formaat vir die **Vriendskaplike brief** gebruik.
- <u>Lien se woonadres is</u>: Lien Jooste, Kosmoswoonstelle 401, Beatrixrylaan, Sunnyside, Pretoria, 0001.
- Onthou om soveel moontlik besonderhede van die matriekafskeid in jou brief te bespreek.

Jou brief sal deur middel van 'n rubriek geassesseer word.

[30]

TOTAAL AFDELING B: [40]

==========

GROOTTOTAAL: [100]

LET WEL:

HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS BLANKO GELAAT.

ADDENDUM A (E-pos)

Naam: ……

NB: Plaas hierdie bladsy in jou antwoordboek.

STUUR	**Aan…**	
	CC…	
	Onderwerp:	

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……